

# Knap kruisteling vra rasegte bul

ARTHUR DE VILLIERS

***'n Swak bul is die duurste artikel wat 'n beesboer kan koop. Só 'n bul kan op die duur 'n duur fout wees omdat sy dogters tien jaar en langer nadat die bul nie meer gebruik word nie, in die kudde bly.***

'n Doeltreffende kruisteeltprogram is nie 'n eenvoudige praktyk nie. Dit vereis spesifieke bestuursvernuif, infrastruktuur en die deurlopende voorsiening van rasegte ouermateriaal.

Kruisteling is in baie lande standaardpraktyk en van groot belang. In Amerika vorm dit 80 %, in Kanada 90 %, Australië 65 % en Suid-Afrika sowat 60 % van beesvleisproduksie. Opnames het egter getoon dat kruisteeltstelsels meestal swak beplan en betreklik ondoeltreffend is. Die persentasie doeltreffende kruisteeltstelsels wissel van 15 in Amerika tot sowat 45 in Nieu-Seeland.

Die bulkomponent in 'n teelkudde is net 3 % tot 4 % van die aantal diere, maar dit dra geneties 50 % van elke kalweroes by. Daarteenoor dra 'n koei net 50 % van een kalf per jaar by. Altesame 87 % van die genetiese samestelling van 'n kalf word bepaal deur die bulle wat die laaste drie geslagte in die kudde gebruik is. Tot 90 % van die genetiese vordering in 'n kudde word dus deur bulseleksie bewerkstellig.

Kruisrasbulle is diere uit kruisras-moeders gekruis met suiwer vaars of bulle uit kruisras-moeders, gekruis met kruisras-vaders. Suiwergeteelde rasse het met verloop van tyd ontwikkel deur eerstens natuurlike seleksie weens omgewingseise en tweedens op grond van seleksie deur mense of gemeenskappe om te voldoen aan spesifieke behoeftes vir melk, vleis, vesel, aanpasbaarheid, ens.

Weens inteling en erfdwang by suiwer rasse kan sekere eienskappe deur oorerwing van een geslag tot die volgende meer konstant oorgedra word. Suiwer rasse kan deur kruisteling ontstaan nadat hulle vier tot vyf geslagte doelgerig geteel is vir sekere ras- en produksie-eienskappe. Boere gebruik kruisrasbulle om prestasie te verhoog en omdat kruisrasbulle goedkoper kan wees as rasegte diere. Die vraag is of kruisrasbulle werklik prestasie verhoog. Die invloed van kruisrasbulle op speengewig word in die tabelle op bl. 45 geïllustreer op grond van proefresultate uit Amerika.

In 'n ander proef was die gemiddelde speengewigte op 205 dae in kruisings tussen Angus, Brahman en Charolais by die suiwer rasse 186 kg, by die F1-kalwers van suiwer koeie 200 kg, by rasegte bulle op F1-koeie 208 kg en by kruisrasbulle op F1-koeie 199 kg. Uit hierdie proewe is dit duidelik dat die gebruik van kruisrasbulle geen verhoging in speengewig bo dié van rasegte bulle tot gevolg gehad het nie en dat kruisraskoeie gemiddeld 13 % swaarder kalwers gespeen het.

***'n Boer moet die volgende in gedagte hou:***

Die grootste voordeel in kruisteling word bewerkstellig deur die gebruik van halfkruiskoeie (F1).

Weens die sukses van kruisrasmoeders word aanvaar dat kruisrasvaders net so suksesvol is, maar die praktyk en wetenskaplike proewe het bewys dat dit nie die geval is nie.

Kruisrasbulle verhoog of verbeter nie individuele eienskappe meer as rasegte bulle nie, in teenstelling met wat die geval by kruiskoeie is.

Akkurate teelwaardes en prestasiedata van kruisrasbulle is gewoonlik onbekend.

Die beskikbaarheid van uitstekende kruisrasbulle is 'n probleem. Kruisrasbulle lyk en meet soms goed weens heterose (die basterkrag van hul kruisrasmoeders). Hierdie meerderwaardigheid kan nie na die nageslag oorgedra word nie. Basterkrag is nie oorerflik nie.

In die algemeen is daar dus geen getuienis in die teorie en praktyk dat die gebruik van kruisrasvaders geboortegewig, speengewig, voorspeense en naspeense groei hoegenaamd meer verbeter nie. Uit hierdie oogpunt hou die gebruik van kruisrasbulle geen voordele in nie. Dit kan trouens eerder kruisteeltstelsels baie ingewikkelder en ondoeltreffend maak.

Die vraag ontstaan of kruisrasbulle op die duur goedkoper is. Die boer weet nie werklik wat hy kry as hy sommer enige bul koop of gebruik nie. Met geen geboortegewig, geen prestasie-inligting, geen "pa of ma" met prestasie- of produksierekords nie, of geen tweede mening oor erflike gebreke, raseienskappe en geslagsgeskiktheid nie, waag hy 'n groot kans. Gesonde kalwers in dieselfde boerdery en van dieselfde seisoen se speengewigte verskil omdat hulle en hul ouers geneties van mekaar verskil. Diere se inherente of genetiese vermoë rakende die ekonomies belangrike eienskappe, soos die groei tot speentyd, word by bevrugting vasgelê.

Die meeste van hierdie verskille is egter eers waarneembaar nadat hulle gemeet is. As dit gemeet word, kan die eienskap van verskillende diere in dieselfde toestand vergelyk en 'n rangorde verkry word nadat sekere voorwaardes nagekom is. Vleisbeesboere is gelukkig dat die meeste van die eienskappe wat gemeet kan word, medium- tot hoog oorerfbaar is. Dit kan dus na die volgende geslag oorgedra word. As 'n boer egter nie meet nie, sal hy nie weet watter diere beter as die ander is nie.

Om teelwaardes te bepaal, is dit nodig om prestasiesyfers met akkurate stamboominligting te integreer. Hoe meer verwantskappe en metings bestaan, hoe akkurater is die voorspelde waardes. Net telers van geregistreerde diere hou stamboomaantekeninge. Geregistreerde diere is dus die enigstes met dié objektiewe seleksie-hulpmiddel. Die tyd is lank-al verby dat diere bloot op grond van 'n stamboom geregistreer is of "stoetstatus" gekry het. Die vereiste is nou dat 'n dier bewese meerderwaardigheid moet hê ten opsigte van afkoms en sy eie produksievermoë. Dit is egter net so belangrik dat 'n stoetdier, saam met die meetbare evaluasie van sy genetiese produksiepotensiaal, visueel geëvalueer word om te verseker dat hy aan erkende funksionele doeltreffendheidsstandaarde en aan die ras se minimum standaard voldoen.

Hoewel kommersiële boere wat vordering maak, hoofsaaklik vir reproduksie en speengewig selekteer, is hulle afhanklik van stoettelers vir uitstekende kuddevaars om hul kudde geneties vir verskeie produksie- en ekonomies belangrike eienskappe te verbeter of om minstens die vlak van produksie te handhaaf.

'n Doeltreffende kruisteeltprogram wat die nageslag werklik verbeter, is nie 'n eenvoudige praktyk nie. Daarvoor is spesifieke bestuursvernuf, die regte infrastruktuur en 'n konstante voorsiening van rasegte ouermateriaal nodig. Wanneer 'n boer 'n bul koop, moet hy aan wins of verlies dink - aan sy nageslag. Die bul wat hy koop, bly 4 tot 5 jaar in die kudde en sy dogters het 'n dekade of langer 'n invloed op sy wins- en verliesrekening. 'n Goeie riglynprys is dat die bul se prys minstens dieselfde moet wees as vier tot vyf van die boer se uitskotkoeie.

'n Swak bul is die duurste artikel wat 'n beesboer kan koop. Die boer moet vir homself

die som maak of dit die moeite werd is om R6 000 op 'n bul te bespaar teenoor 'n bul van R12 000 as hy hom vir vier jaar gaan gebruik, 120 kalwers gaan aankry en verseker is van 'n sterk onderbou - prestasie, registrasie en funksionele doeltreffendheid - van só 'n bul. Die verskil in koste per kalf is R50 - 'n billike versekering. Beesboere wat 'n bul kies, moet beseft die oënskynlike voordele van 'n kruisrasbul kan op die duur nie gehandhaaf word nie.

As 'n boer nie kan of wil weeg, meet en aantekeninge hou nie, is die maklikste manier om die beste vordering met sy kudde te maak deur bulle uit kuddes te kry waar wel gemeet word. Hy hoef dus nie self te meet nie, maar moet gemete bulle koop